

# KAAP AGRI AKADEMIE: AANSOEKE OOP VIR 2021 OPLEIDINGSPROGRAMME

Die Kaap Agri Akademie bemagtig opkomende boere met behulp van hoog-aangeskrewe opleidingsprogramme wat hulle met vaardighede, inligting en ondervinding toerus om suksesvolle kommersiële boere te word. Meer as 300 opkomende boere is reeds opgelei en vele van hulle bestuur vandag groot, suksesvolle kommersiële ondernemings en dra by tot werkverskaffing in die sektor.

**2021 se Nasionale Sertifikaatprogramme vir opkomende boere en studente met 'n Senior Sertifikaat:**

- **NQF 4 Program in Diereproduksie**
- **NQF 4 Program in Plantproduksie**

Die formaat van die onderrigmetode is 'n kombinasie van aanlynlesse, video-gebaseerde fasilitering, praktiese kontaksessies en lesse in die praktyk.

**DATUMS: Maart 2021 - Oktober 2021 | ONDERRIGMATERIAAL: Engels**
**ONDERRIGTAAL: Engels en Afrikaans**

**AANSOEKVEREISTES:**

- aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers wees, en in die Wes- of Noord-Kaap woonagtig wees;
- aansoekers moet toegang tot hul eie rekenaar hê met ononderbroke toegang tot die internet;
- aansoekers moet opkomende boere wees of gegradueerdes van die Akademie of kandidate met 'n Senior Sertifikaat wat daarin belang stel om 'n loopbaan in landbou te volg;
- aansoekers moet oor basiese Engelse vaardighede beskik – wat lees, skryf en praat insluit;
- aansoekers moet beskikbaar wees om al die praktiese kontaksessies wat by Kaap Agri Akademie in Porterville aangebied sal word, by te woon. (Kaap Agri Akademie sal die koste van vervoer na en van die opleidingsentrum in Porterville, sowel as kos- en akkommodasie-verwante kostes in Porterville subsidieer.)

**Sperdatum vir inhandiging van alle aansoeke: 30 November 2020**

Gryp hierdie geleentheid aan om jou landbou-ambisie na die volgende vlak te neem, en versoek 'n aansoekvorm by kaacademy@kaapagri.co.za.

**Vir meer inligting besoek www.kaapagri.co.za**

KAAP AGRI AKADEMIE

DEEL VAN DIE KAAP AGRI-GROEP: AGRIMARK / EXPRESSMARK / MEGANISASIE / PAKMARK / TEGO / THE FUEL COMPANY / FORGE / WESGRAAN